



Vooruitsigte vir Suid-Afrika se beleidskoers

Suid-Afrika se ekonomiese herstel het spoed opgetel teen die agtergrond van 'n bloeiende wêreldwye ekonomie, wat tans vooruitgang van 'n geskatte 4 persent per jaar toon.

Die wêreldwye herstel het 'n skerp styging in die prys van metale ondersteun, wat nou opgeskiet het tot 'n vlak wat laas in die tydperk voor die "Groot Resessie" ervaar is. As gevolg hiervan het Suid-Afrika se handelsvoorwaardes-indeks (bereken as uitvoerpryse gedeel deur invoerpryse) na die vlak van die middel 1980's teruggekeer, wat die binnelandse inkomstegroei 'n hupstoot gegee het. Samegaande hiermee het die Rand sterk bly staan, wat inflasie laag hou, reële inkomste ondersteun en die Reserwebank toelaat om rentekoerse tot die laagste vlak in dekades te sny. Dit het 'n gunstige omgewing vir binnelandse finale aanvraag geskep, wat met die opswaai in verbruikersbesteding herstel het.

Bykomend hiertoe het die opwelling in die binnelandse ekwiteitsmark vanaf die resessie-geïnduseerde laagtepunt in 2009, gehelp om 'n terugspring in huishoudelike netto welvaart te stut, wat die herstel van huishoudelike verbruik verder ondersteun het. In der waarheid het verbruikersbesteding die konsensus-verwagtinge op verrassende wyse deur die loop van 2010 oortref, met 'n gemiddelde groei van tussen vyf en ses persent (teen 'n jaarlikse koers) per kwartaal van 4Q09 tot 3Q10.

Soos die sakesiklus se opswaai ontvou, kan daar verwag word dat die opbrengskoers op kapitaal sal verbeter, wat die herstel in vastebeleggingbesteding en werkskepping in die privaat sektor sal aanmoedig. Derhalwe word daar verwag dat die opswaai in binnelandse finale aanvraag deur 2011 en tot in 2012 momentum sal behou.

Bemoedigend is ook die 4.4 persent (teen 'n jaarlikse koers) groei in reële BBP vir die laaste kwartaal van 2010, saam met die aanduiding dat die herstel tussen die onderskeie industrieë aan die uitbrei is.

Intussen lyk dit asof die hoofstroom VPI sy laagtepunt bereik het en daar word verwag dat dit teen die einde van die jaar tot naby aan die ses persent boonste perk van die Reserwebank se inflasietekensprekwydte sal verhoog.

Teen bogenoemde agtergrond kan niemand dit waag om oorgerus oor die vooruitsigte vir rentekoerse te wees nie. Die verwagte verhoging van die Suid-Afrikaanse hoofstroom VPI in die jaar wat voorlê, weerspieël die skerp styging in wêreldwye landbouprodukpryse. Die vervagende disinflasioneïese impak van geldeenheidsterkte op goederepryse behoort egter ook kerninflasie te laat lig, terwyl geadministreerde pryse hardnekkig hoog bly.

Bykomend hiertoe het die sentrale banke van opkomende markte reeds begin om beleidskoerse op te stoot. Gegewe die stygende inflasie (kerninflasie ingesluit), word markverwagtinge van verdere rentekoersverhogings in opkomende mark-ekonomieë steeds sterker. Dit is onwaarskynlik dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank hierdie tendens onbepaald kan vryspring.

Weliswaar is dit onwaarskynlik dat ons 'n robuuste herstel in kredietverlening deur die binnelandse privaat sektor sal beleef. Gegewe die verhoogde vlakke van huispryse teenoor inkomste per capita, lyk dit asof 'n robuuste herstel van die behuisingmark ook nog 'n ent die toekomst in lê. Huislenings is die grootste komponent van kredietverlening. Dit lyk ook asof uitleningstandaarde relatief strenger as in die jare voor die resessie, sal bly.

Indien die Reserwebank egter die repokoers onveranderd laat, voorspel die huidige inflasievooruitskouings dat die inflasie-aangepaste beleidskoers teen die einde van 2011 op zero sal staan. Na my mening sal so 'n houding te akkommoderend wees, indien die opwelling in die wêreldwye, en daarom ook die binnelandse, ekonomie volgehou moet word – veral as inflasieverwagtinge begin verhoog.

Met bogenoemde in ag genome is dit waarskynlik dat die volgende beweging van die binnelandse beleidskoers opwaarts sal wees – met 'n moontlike verhoging van tussen 50bp en 100bp teen die einde van die jaar.

Artikel geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur